**GILFILLAN en STROH**

Die 100% Afrikaanse Fietshandel.

Ons spesialiseer in fietsreparasies; Koop en verkoop van gebruikte fietse; Handel met nuwe fietse en fietsonderdele.

Ons waarborg alle werk.

KERKSTRAAT 57B - - POTCHEFSTROOM.

**PLUIMVEE**

Die beste firma in JOHANNESBURG om u PLUIMVEE, EIERS, en ander produkte aan te stuur is:

C. M. ELOFF en Kie, (Edms.) BEPERK, Posbus 7185 MOREMARK, NEWTOWN

# Die Beste onder die Jongste

| | Posvry |
|---|---|
| LEWENSGESKIEDENIS VAN GEN. J. B. M. HERTZOG, *C. M. v. d. Heever* | 24/- |
| DIE SKENDER, *Johann van der Post* | 8/- |
| WOLKE OOR DIE STAD, *Mynhardt Fourie* | 4/10 |
| FONTEINTJIE EK SAL NOOIT, *D. Mostert* | 3/9 |
| DIE VERLORE LAND, *A Roodt* | 3/9 |
| NIE VIR RYKDOM, *T. C. Pienaar* | 9/9 |
| AMPIE DIE KIND, *J. van Bruggen* | 11/4 |
| VLAM VAN DIE SUURVELD, *D. F. Malherbe* | 7/6 |
| BOERSEUN, *Mikro* | 7/- |
| 'N HUIS VERDEELD, *Marie Linde* | 8/- |
| ONDER BEVOORREGTE MENSE, *Marie Linde* (Herdruk) | 8/- |
| RIEMLANDSE NOOIENTJIE, *S. Steyn* | 9/9 |
| DIE GROOT VRAAG, *T. C. Pienaar* | 5/10 |
| DIE PAD VERDER, *Elise Muller* | 5/10 |
| NUWE GEBOOIE, *A. L. Conradie* | 9/- |
| DELLA SE VUURPROEF, *M. Boyce* | 7/- |
| PORSELEINTJIE, *Regina Neser* | 5/10 |
| DIE TRIOMF VAN AFRIKAANS, *E. C. Pienaar* | 11/4 |
| DIE MEUL DREUN EN ANDER TONEELWERKE, *D. F. Malherbe* | 11/4 |
| VERSKUIFDE BAKENS, *Paula* | 6/3 |
| KRANSKOP, DEEL I — OUPA, *J. van Bruggen* | 7/6 |
| MOLOISI DIE WYSE, *G. Franz* | 5/9 |
| AAN JANNIE, *Hobsons* | 6/6 |
| DIE REENBOOG IS MY MANTEL, *J. de Beer* | 6/- |
| DRIE STRAATSANGERS IN DIE KONGO, *J. J. Groeneweg* | 7/- |
| VUURPYLE, *F. Postma* | 7/6 |
| DIE WITBANDE KOM, *A. Enslin* | 7/- |
| JAGKONINGS, *J. von Moltke* | 8/- |
| MAASDORP SE DRIE MUSKETIERS, *S. Blakemore* | 7/6 |
| WATERS WAT VERBY IS, *J. J. Brits* | 5/10 |
| EN EK IS NOG HY, *J. van Melle* | 5/6 |
| BLOMDOORNS, *A. du Biel* | 6/9 |
| DIE HELDIN VAN KLIPSPRUIT, *G. S. Nienaber* | 5/6 |
| LIEFDESLOUTERING, *B. Pienaar* | 5/9 |
| EN NOU HOOR U, *W. A. de Villiers* | 6/4 |
| LANG SKADUWEES, *Lorraine Botha* | 6/4 |
| DIE ROEPSTEM VAN LIBANON, *Annette Mocke* | 6/4 |
| SWERWERSPORE, *D. H. van Zyl* | 6/- |
| DIE WEERWRAAK VAN KARL VOSS, *R. Hendriks* | 5/10 |
| IZINYANGA, *J. M. Friedenthal* | 5/10 |
| DIE VERBODE RYK, *I. D. du Plessis* | 4/7 |
| BEGEESTERING, *J. van Melle* | 5/4 |

*Bestel direk van:*

AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL,
Spoorbondkasgebou, De Villiersstraat 15,
JOHANNESBURG.

Telefoon 33-6797. Bus 845.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# DIE KISSIE ONDER SORG VAN TWEE ONDER-OFFISIERE

Ds. S. J. Stander, Noodhulpfondshoof, skryf in verband met Vryheidsdag soos volg aan ons:— Die program, wat deur alle eenhede van die Ossewabrandwag op Vryheidsdag gevolg moet word, en wat volledig afgedruk staan in Die O.B. van 19 Januarie, bepaal o.a. die volgende: „Sodra dit klaar is (d.i. nadat elkeen sy stukkie hout op die vuur gewerp het) marsjeer almal, een agter die ander, agter die offisier aan, **verby die kissie wat onder sorg van twee onder-offisiere in gereedheid geplaas is, en plaas hul offers (bydraes) vir die Noodhulpfonds daarin.**"

Dit is vir hierdie kissie en sy doel en betekenis wat ek aandag vra. Aandag, offisiere en brandwagte! Aandag, vir hierdie kissie!

### Die Daad by die Kissie

Die feit van ons samesyn, die manier van ons samesyn, die doel, die seremonie, die vuur, ons stukkie hout en die simboliek van die inwerp daarvan in die brandende vuur — alles is belangrik en betekenisvol en boei en bind ons. Maar sê ek te veel as ek sê dat die betekenisvolste en belangrikste en veelseggendste van alles geleë is in die **daad** wat elke brandwag by hierdie kissie gaan **verrig.**

Ek lees in Markus 12 vs. 31: „En Jesus het reg voor die skatkis gaan sit en gekyk hoe die skare geld in die skatkis gooi." Die bywoning van die tempeldiens was belangrik, die mense se voorkoms, hul deelname daaraan, hul innerlike gesindheid — alles was vol belang, maar Jesus het nie daarop kommentaar gelewer of in die openbaar daar aandag aan geskenk nie. By die kis het hy egter gaan sit en gelet op **hoe** die mense daarin geld gooi.

### Die Gesindheid van die Gewer

Ten opsigte van die „hoe" het Hy gelet op die gesindheid van die gewer en op die hoeveelheid wat gestort word, en in laasgenoemde verband op die verhouding tussen **bydrae** en **vermoë.**

By die kissie kry elkeen geleentheid om sy oortuiging en gevoel **prakties** uit te druk.

Jesus, die geskiedenis, ons in-noodsynde mede-Afrikaners, die hele wêreld gaan ons oordeel na wat ons by daardie kissie gaan **doen,** aan die slot van ons verrigtings.

Daardie kissie is simbolies van ons volksaltaar. Nie net geïnterneerdes en mede-Afrikaners in tronke verkeer in nood nie, maar in sekere sin ons ganse volk.

### Die Behoefte wat Bestaan

Daar is hulpbehoewendheid van allerlei aard; ekonomies, geestelik, sowel as andersins. Hoe baie van ons mense is op dwaalpaaie, hoe baie spartel in die modder van onkunde en val nie die moedeloosheid ten prooi nie, hoe vele is verskrik in die stelle van vreemdelinge en hul instellings! Wat doen u tot leniging van hul nood?

Hier is die vraag wat elkeen vir hom- of haarself moet vra. Wat gaan ek nou in daardie kissie gooi? Wat ek gerieflik en sonder om dit te voel kan mis? Of 'n offerande soos dié van die weduwee? Hoeveel gaan ek vandag in die kissie gooi, in terme van geld, môre in voorbeeld, invloed, besieling of andersins?

Het ek nie met die gooi van my stompie op die vuur tekenne gegee dat ek bereid is om my **al** op die altaar te lê nie? Wat doen ek egter nou hier by die kissie en wat sal ek môre en oormôre in die praktyk doen? Sal ek selfs my bloed nie terughou nie?

Laat dit wat ons in die kissie gooi sulks wees, dat ons nie hoef skaam te wees daarvoor nie, as dit tot simbool verhef word van al ons doen en late tot eer van God, welsyn van Volk en heil van Vaderland.

## DIE ONTSLANE GEÏNTERNEERDES

### WERKVERSKAFFING EN VERBLYFPLEK

Afgesien van geïnterneerdes wat ontslaan word, is daar ook etlike gevalle van geïnterneerdes wat op sekere voorwaardes uit die Koffiefonteinkamp losgelaat sal word as daar vir hulle 'n tuiste, deur die Owerheid goedgekeur, gevind kan word, waar hulle onder sekere beperkings moet bly. In sommige gevalle word hulle toegelaat om min of meer op dieselfde voorwaardes as die Italiane op plase te werk.

Hierdie feite word onder die aandag van die lesers gebring in die hoop dat ons volksgenote in die kampe langs hierdie weg uitkoms kan kry.

Die plek en persoon onder wie se sorg sulke geïnterneerdes geplaas sal word, moet deur die owerheid goedgekeur word.

Diegene wat bereid is om hul beswaarde volksgenote op hierdie wyse te hulp te kom, moet voortaan hul naam, adres, beroep en volle besonderhede omtrent die aard van die aangebode hulp, stuur aan: **Die Sekretaris Brandwagbystanddiens, Posbus 5754, Johannesburg.**

### AANSOEKE OM HULP

Almal diegene wat na ontslag uit die interneringskamp hulp nodig het, word hiermee versoek om dadelik met hul plaaslike of naaste O.B.-kommandant in verbinding te tree.

Alle O.B.-kommandante het reeds opdrag ontvang deur 'n uniale bevel om in sulke gevalle volledige rapport te doen aan hul Gebiedskwartiere, deur wie die saak dan verder gerapporteer moet word aan die Sentrale Noodhulpkomitee. Waar plaaslike hulpbronne uitgeput of ontoereikend is vir die nodige bystandwerk, sal die sentrale kantoor van die Brandwagbystanddiens genader word om deur praktiese leiding, raad of daadwerklike hulp die probleem te help oplos.

### VRUGTE

Ons wil graag die aandag van die vrugteboere in die Westelike Provinsie en elders bepaal by 'n saak, wat ons weet hulle onmiddellike reaksie sal uitlok. Uit die kamp op Koffiefontein kom berig dat daar 'n groot behoefte aan vars sowel as droë vrugte gevoel word. Geïnterneerdes sal dit hoog waardeer as goedgesinde mede-Afrikaners in hierdie leemte wil voorsien. Vrugte aan geïnterneerdes kan gstuur word per adres: Die Kantienbestuurder, Interneringskamp Nr. 1, Koffiefontein. Alle kissies sal terugbesorg word.

### DANKBETUIGING

Mnr. Johannes de Wit, Koffiefontein, wens deur middel van Die O.B. sy dank soos volg uit te spreek:

Langs hierdie weg wil ek graag my hartelike dank oorbring aan almal wat my so trou bygestaan het, in die Pretoriase gevangenis en daarna, gedurende die afgelope maande. Hul opofferende liefdesdade sal altyd as 'n soet herinnering voortleef.

Ontvang ook my beste wense vir die Nuwe Jaar en mag 1944 ons grootste ideale verwesenlik.

**Sterkte!**

## *Is dit 'n Verbetering?*

Nadat voedselbeheer 'n tydlank onder toesig van die Departement van Landbou was, het die warboel wat altyd gepaard gegaan het met ons huidige stelsel selfs op sy beste genome so erg geword dat 'n verandering moes gemaak word. Die produsent het dan glo te veel aandag geniet. Klem moet nou liewer gelê word op die belange van die verbruiker, so is gesê.

Om die verbruikers se belange te „beskerm" is dus aangestel die heer E. R. Keegan, Voorsitter van die Verenigde Kamers van Koophandel van Suid-Afrika.

Sal hierdie egte kapitalis en groot besigheidsbaas nou voortaan sy hand seënend hou oor die verbruikers? — of oor die belange van die kapitalistiese sakelui uit wie se geldere hy gekies is?

DIE O.B., WOENSDAG, 16 FEB. 1944.

# Die Ceres-Byeenkoms

In verband met die Wes-Kaaplandse Offisiersraad, wat gedurende die afgelope naweek op Ceres vergader het, is daar 'n paar uitstaande punte wat beslis aandag verdien.

Die gehalte van die hoër-offisierskorps van die Gebied, soos verteenwoordig op hierdie raad, het aangenaam opgeval. Mens het onder die indruk gekom dat hierdie groep manne en vroue gerekruteer is uit die geledere van die leiers van die streke wat hulle verteenwoordig het. En hierdie indruk is gaandeweg met die verloop van die verrigtinge versterk. Daar het vasberadenheid, selfvertroue en geloofsoortuiging uit die woorde en optrede van hierdie offisiere gespreek wat heerlik bemoedigend was. Veral verkwikkend was die optrede van die vroue-offisiere. Met hul geesdrif en hul strydlustigheid — in welsprekende taal openbaar — was hulle in der waarheid die speerpunt van die beraadslagings. Mens het gevoel dat as die O.B. sulke manne en vroue kan saambind, en kan inspireer tot 'n fanatieke nasionale en sosiale strewe — wel, dan kan niks die triomfantelike oorwinning van die O.B. keer nie.

Kenmerkend van die gees van die O.B. was die duidelike en uitgesproke leiding wat die offisiere van die Gebiedsleier sowel as van die Gebiedshoofvrou ontvang het. Die buitelandse situasie sowel as die binnelandse toestande is raak ontleed en duidelik ten toon gesprei. Die vaste koers van die O.B. en die ontwikkelings langs hierdie koers, wat die groei en uitbouing van die volksbeweging meebring, is baie duidelik aan die aanwesige offisiere voorgeskilder. Dat die leiding in hierdie Gebied gesond is, is weereens pertinent en helder op hierdie Offisiersraad openbaar.

Belowend vir die toekoms was die uitgesprokenheid wat die samesprekings gekenmerk het. Daar is aangetoon dat daar glad te veel losloper-Afrikaners is — mense wat in die O.B. tuishoort, maar wat weens die een of ander rede nog nie opgeneem is in die geledere van die Volksbeweging nie. Ook is verklaar dat daar wel deeglik O.B.-lede is wat nie stywe string in die span trek nie. Dis nie genoeg nie om te weet, is verklaar, dat die O.B. oor 'n onoorwinlike ideaal en 'n kragtige organisasie beskik nie. Dis die plig van elke lid, en meer so van elke offisier om die organisasie steeds sterker te maak, om sodoende die wapen vir die oorwinning in die stryd steeds doeltreffender te smee.

'n Mens wil nie graag voorspellings waag nie, maar te oordeel na hierdie openhartigheid en die gees wat dit inspireer het, wil dit tog blyk dat 'n nuwe bloeityd vir die O.B. in Wes-Kaapland sal dateer vanaf hierdie Ceres-byeenkoms.

Daar het sekerlik vir baie lede van die plaaslike publiek 'n nuwe lig omtrent die O.B. opgegaan. Die dissipline, die mars deur die strate, die lewendige musiek, die wil tot die stryd en die geloof in die oorwinning wat geopenbaar is deur die O.B. wat, figuurlik gesproke, die dorp vir die duur van die naweek beset het, het vir baie mense nuwe helderheid gegee oor die jeugdig rewolusionêre gees van die Ossewabrandwag. Dit het maar alte duidelik geblyk dat die O.B. 'n ander lewensbeskouing toegedaan is, as die oue waaraan die volk onder die Brits-Parlementêre bewind gewoon geraak het. Met die O.B. gaan die volk beslis 'n nuwe bedeling tegemoet.

Die Ceres byeenkoms sal sekerlik nuwe impetus aan die O.B. in Wes-Kaapland gee.

## *Die Eintlike Knyp*

,,Die vraag is nie of Engeland en die Verenigde State bolsjewisme na die oorlog sal beveg nie; hul vraagstuk sal wees om hulself binne hul eie mure teen bolsjewisme te verdedig.''—Adolf Hitler.

# DIE BRITSE EN RUSSIESE STATEBONDE

Daar is in die jongste tyd 'n paar opspraakwekkende beleidsverklarings gedoen. Van Britse kant het staatsmanne soos lord Halifax en veldm. Smuts weereens die gedagte van Brittanje as superstaat ten koste van Dominiale selfbeskikking gelug. Van Russiese kant is deur Molotof die teenoorgestelde beleid vir die U.S.S.R. aangekondig. Hierdie beleidverklarings is opspraakwekkend omdat hulle albei indruis teen Britse en Russiese konstitusionele ontwikkelings. Terwyl die Britse Statebond sy samestellende statelede hegter aanmekaar wil snoer, wil die Sowjet-unie homself opsplits in 'n konstellasie van outonome republieke.

### Die Britse Statebond

Plaasruimte laat nie toe dat daar op al die verskillende aspekte van hierdie beleidsverklarings ingegaan word nie. Wat die Britse Statebond betref, sal dit onthou word dat veldm. Smuts in sy ,,ontplofbare'' rede in Londen daarop gewys het dat Brittanje, in vergelyking met sy magtige bondgenote Rusland en Amerika, swak en arm uit hierdie oorlog sal kom. Hy het selfs aan die hand gegee dat Brittanje aansluiting moet soek by die ,,Wes-Europese demokrasië'' teneinde die ewewig tussen hom en sy Russiese en Amerikaanse bondgenote enigsins te bewaar. Dat hierdie ,,Wes-Europese demokrasië'' na die oorlog maar weinig sal beteken, blyk duidelik uit veldm. Smuts se smalende aanmerkings oor Frankryk en Italië se toekoms as grootmoondhede. Smuts het dus blykbaar geen groot vertroue in hierdie ,,Wes-Europese demokrasië'' nie. Vandaar sy voorstel om in 'n hegter saamgesnoerde Britse Statebond 'n kompensasie vir die verlies van waardevolle Wes-Europese bondgenote te vind. Of hierdie kompensasie werklik so waardevol sal wees en of veldm. Smuts se voorstel uitgevoer sal word, is hoogs twyfelagtig. Die neutrale Suid-Ierland en die reaksies van Mackenzie King, die Kanadese eerste minister en mede-stryder van genl. Hertzog vir Dominiale selfbeskikking, op Halifax en Smuts se beleidverklarings, skyn in 'n ander rigting te wys.

### Die Sowjetse Statebond

Molotof se opspraakwekkende aankondiging dat die Sowjet-unie in 'n statebond van outonome republieke omgevorm word, moet as lokaas beskou word vir aangrensende buurlande soos Finland, die Baltiese state, Pole, ens. Moskou probeer om aansluiting van hierdie state by die Sowjetse Statebond hiermee in die hand te werk. Ook sal die Russiese Kolos op 'n eventuele vredeskonferensie deur sy outonome republieke in staat gestel word om 'n getalsterke oorgewig te geniet. In plaas van en Russiese gesantskap in Washington of Londen, sal daar voortaan sestien of meer wees. Dit alles is belangrike faktore in die guns van die Sowjet wat hiermee sy Westerse bondgenote in 'n moeilike posisie plaas. Amerika en Brittanje kan dit vandag nie waag om erkenning aan hierdie Russiese omvorming en vermenigvuldiging van outonome republieke te weier nie.

### Krag en Swakte

Die Molotofse aankondiging getuig van krag. Stalin weet dat die kernland Groot Rusland, met Moskou as sentrum, sterk genoeg is om outonome republieke in sy liggaam op te neem sonder om die gevaar van verbrokkeling en opsplitsing te loop. Die kernland is so sterk dat geen outonome republiek dit sou waag om hom teen te gaan nie. Die enigste Sowjet-republiek wat miskien moeite kon veroorsaak, is die Oekraine; maar hierdie gebied is deur die oorlogsmasjien so verbrysel dat hy moeilik las sal kan gee. Net soos die Britse ryk van die 19e eeu kan Rusland dit vandag bekostig om imperialisme en liberlisme as die hoekstene van sy binne- en buitelandse beleid aan te kondig.

Met Brittanje is die posisie die teenoorgestelde. Hier is die kernland Brittanje nie so sterk dat hy dominiale outonomie kan aanmoedig nie. Die oorlog het bewys dat die kernland nie sterk genoeg is om sonder bondgenote sy wêreldryk teen buitelandse vyande te verdedig nie en selfs sy bondgenote kan nie verhinder dat waardevolle koloniale gebied verlore gegaan het nie. Buitelandse gevare en dominiale outonomie gaan sleg saam as die kernland nie teen vreemde konkurrente opgewasse is nie.

Die opspraakwekkende redevoerings van Molotof, Smuts en Halifax het as sulks egter weinig betekenis tensy hulle deur 'n magspolitiek en magsverhoudings gerugsteun word. Nie alleen moet die Bondgenote eers die oorlog wen nie, maar magsfaktore sal moet beslis of die Britse Statebond hegter saamgesnoer en die Russiese Statebond losser saamgebind sal word.


*ALLE KOMMANDOS IN GENERAALSKAPPE*
*A1 en A2*

AANDAG!!!

'n

O.B.-BYEENKOMS
word gehou in die
HOFMEYRSAAL
GROOTE KERKGEBOU — KAAPSTAD
MAANDAG, 21 FEBRUARIE 1944
om 8 nm.

Spreker:—
DIE KOMMANDANT-GENERAAL
Dr. J. F. J. van Rensburg.
Alle Kommandos MOET teenwoordig wees.
Die O.B.-Blaasorkes tree op.

VERGADERING!!
DIE KOMMANDANT-GENERAAL
(Dr. J. F. J. van Rensburg.)
Spreek 'n vergadering toe in die
Stadsaal
te
MOORREESBURG
om
*8.30 nm. op 23 Feb. 1944*
Alle Brandwagte van die Moorreesburgse Kommando moet teenwoordig wees. Omliggende Kommandos word vriendelik uitgenooi.
MOET NIE WAG OP 'N BEVEL NIE — KOM!

VRYHEIDSFEES!
SAMETREKKING OP STELLENBOSCH
GENERAALSKAP A3
(Stellenbosch, Paarl, Franshoek, Wellington en H/Holland)
*STELLENBOSCH STADSAAL*
*26 Februarie om 8.10 nm.*

PROGRAM:—
(1) Amajubadag-viering.
(2) Toespraak — DIE KOMDT.-GENERAAL
(Dr. J. F. J. van Rensburg.)

Spesiale insameling vir Noodhulp.


## Vryheidsfees te Amajuba 1944

## PROGRAM

SATERDAG 26 FEBRUARIE.

| | |
|---|---|
| 7 v.m. | Opstaan. |
| 9 v.m. | Vlaghysing. |
| | Verwelkomingswoord deur Generaal S. J. Scheepers. |
| | Openingsrede deur Offisier-in-bevel, Generaal G. Puren. |
| 10 v.m. | Optog na kruin van Amajuba. |
| 11 v.m. | Diens op kruin van Amajuba, en toespraak Ds. Stander. |
| 11.45 v.m. | Vlaghysing en saluut. |
| 12 uur | Verdaag. Terug na feesterrein. |
| 12—1 n.m. | Gesellige verkeer. |
| 1—2 n.m. | Middagete. |
| 2—3 n.m. | Gesellige verkeer. |
| 3—3.30 n.m. | Toespraak Gebiedsgeneraal L. Bootha. |
| 3.30—4 n.m. | Toespraak Gebiedsgeneraal C. A. Pienaar. |
| 4.30—6.30 n.m. | Gesellige verkeer en Volkspele. |
| 6.30—7.30 n.m. | Aandete. |
| 7.45 n.m. | Samekoms voor Vryheidsvuur. |
| 8 n.m. | Aandprogram soos in ,,Die O.B.'' 19 Januarie, Nr. 9. |

SONDAG 27 FEBRUARIE.

| | |
|---|---|
| 10—11 v.m. | Oggenddiens. Ds. Stander. |
| 3.30 n.m. | Middagdiens. Ds. Stander. |
| 4.30 n.m. | Sluiting. |

# LAER VAN DIE BOEREJEUG OP CERES

Aan die waarde van 'n saamtrek, soos dié van die offisiere van die Boerejeug op Ceres, kan 'n berig nie reg laat geskied nie. Dit moet blyk uit die optrede van die aanwesige offisiere in hul eie omgewings. Die offisier-in-bevel van die laer, jeugleier Dirk van Rooy, wens die aandag by die volgende paar punte te bepaal:

● Die hulpvaardige gasvryheid van ons gasheer en gasvrou, jeugkomdt. en jeugkomdte. Pietie Cillie. Hulle optrede was vir ons 'n navolgingswaardige voorbeeld. Ook van plaaslike O.B.-offisiere met hoofgenl. Retief voor op het ons veel ontvang. Ons dank!

● Treffend was van staanspoor af die gees waarmee die offisiere besiel was. Aan die strenge dissipline van die laer het hulle hul vrywillig onderwerp. Hulle het gekom om te **leer** en om te **dien.** Vir die Stafoffisiere was dit 'n plesier en 'n voorreg om die nodige leiding te gee.

● Elke dag het sy uitgewerkte program gehad en dit is stiptelik uitgevoer. Afgesien van die praktiese werk wat verrig is was daar elke dag een of twee lesings oor akuele onderwerpe wat deur bekwame redenaars waargeneem is. Op dié manier het ons deeglik op hoogte gekom o.a. met jeugwerk, die strewe van die O.B., die toestand van ons land en van die buiteland, die heersende ideologieë ens., ens. Aan die sprekers wat van elders oorgekom het om ons voor te lig betuig ons hiermee ons opregte dank.

● Die laaste paar dae van ons laer het saamgeval met die Generaalsvergadering van Gebied A wat onder Gebiedsleier genl. Du T. van Zyl te Ceres gehou is. Vir die laer was dit 'n groot voorreg om die generaals te ontmoet en met hulle oor een en ander te beraadslaag. Dit was vir ons ook 'n eer om die eggenote van ons K.G. een en ander maal as besoekster in ons laer te verwelkom.

● Die O.B. vorm 'n organiese geheel. Waaraan anders is dit toe te skrywe dat jong manne uit verskillende geweste wat mekaar vir die eerste maal ontmoet, binne twee weke soveel saamhorigheidsgevoel en koersvaste eensgesindheid kan opnbaar? Soos lede van dieselfde gesin het ons van mekaar afskeid geneem, met nuwe moed en geesdrif vir die mooi, groot werk wat daar vir ons wag. „ELK VIR ALMAL, ALMAL VIR ELKEEN".

### BOODSKAP VAN DIE A.K.G.

Die A.K.G. wat die kamp nie persoonlik kon besoek nie, het die volgende boodskap deur sy stafhoof, genl. De Vos, aan die leier en offisiere van die Boerejeug laat oordra:

Dit is met die volste vertroue dat ek as Organisasieleier die jeug van ons volk aan die toesig en leiding van Genl. Dirk van Rooy toevertrou. Sy ywer en onselfsugtige opoffering word baie waardeer.

Ek glo in die jeug. Deur al die eeue heen het die stootkrag van volke uitgegaan van die jeug en wat bereik is deur nasies, hetsy op geestelike of fisiese terrein, is deur die jeug tot stand gebring. Was dit dan nie 'n Kind in die krip van Bethlehem wat die Nuwe Boodskap van verlossing moes bring nie?

Die geskiedenis leer ons dat die grootste dade juis in die tydperk van die geestelike en fisiese ontplooiing van die jongmens verrig word. Rewolusies, omwentelinge het hulle oorsprong altyd in die kragkern van 'n volk, sy jeug, gehad. Het ons nie geleer nie watter rol die jeug in ons eie vaderland tot hiertoe in die stryd om bestaan en vrywording gespeel het nie? Was die Tweede Vryheidsoorlog in sy laaste fases nie alleen deur die jeug, die jong rebel, die seun, die dogter gedra nie- Ons wil dan die toekoms van ons land in die hande van die jeug oordra. Ons glo aan daad en durf. Ons glo dat die jeug wat saam met ons kom uit een verlede, wat saam met ons marsjeer na een toekoms, ja, ons toekoms self is, nie verkeerd sal gaan nie. Liewers 'n daad te gou gepleeg, dan een te laat verrig. Liewers voortvarend as steriel. Liewers impulsief dan gevoelloos.

Daar's 'n wêreld wat wag op hervorming en 'n volk wat wag op bevryding. Die middel en die werktuig is u organisasie. Gebruik dit, hanteer dit en die oorwinning is seker. U tree die eerste stadium van die stryd, die etiese, in, nl. veredeling van ons volkskarakter. Skoonheid, Waarheid, Reg en Liefde is die hoekstene waarop 'n volk alleen kan staan. Besiel met hierdie idee sal u terugkeer tot u afdelings en eenhede om die gewigtige en deur God opgedrae taak te vervul.

### SUIDELIKE STREEKLEIER BESOEK DIE KAMP

Dr. P. J. Coertze, lektór in Bantoetale aan die Universiteit van Stellenbosch, het o.a. ook besoek gebring aan die kamp. Dr. Coertze wat gedurende 1944 as Hoofkomdt. bevel sal voer oor die Studente-kommandos van die O.B. op Stellenbosch en wat ook suidelike Streekleier van die Afrikaans-Nasionale Studentebond is, het hom verheug verklaar oor die aangename kontakte wat hy gedurende sy verblyf in die laer, met die Boerejeug kon skep.

Dr. Coertze het aan die offisiere van die Boerejeug 'n uiteensetting gegee van die tradisionele Afrikanerstandpunt teenoor die gekleurde rasse- en volksgroepe in ons land, nl. die standpunt van apartheid en skeiding. Vir hierdie standpunt het die Afrikaner net soos vir sy vryheid 'n eeuelange stryd gevoer, trouens dit was 'n deel van sy vryheidstryd. Gedeeltelik om die gelykstellingsidee het die Voortrekkers die ou Kaapkolonie verlaat, het hulle Natal verlaat, totdat hulle in die Transvaal en die Vrystaat hul republieke kon stig, waarin geen gelykstelling tussen naturel en blanke en Kerk en Staat was nie.

Spreker het beklemtoon dat die proses van skeiding op alle terreine van die volkslewe deurgevoer moet word, ook op die ekonomiese, indien ons die Afrikanervolk en die blanke beskawing en ons vaderland instand wil hou.

## WAT DINK DIE SOLDATE?

In die Feb.-uitgawe van Fighting Talk, die orgaan van die Springboklegioen, word 'n prentverhaal gepubliseer van drie teruggekeerde soldate, „'n Afrikaner, 'n Engelsman en 'n Jood" wat, omdat hulle geweier het om deur „die rassespook oploop gejaag te word" hulleself kon handhaaf teen 'n sekere Baas „met Afrikaanse, Engelse, Joodse en sowat vyftig ander soorte bloed in hom".

Ons vind dit 'n eienaardige soort prenteverhaal hierdie, veral komende van 'n organisasie wat voorgee om die Suid-Afrikaanse strydmagte te verteenwoordig. Die waarde van 'n prentverhaal is tog immers geleë in sy waarheidsgetrouheid. En enige drie soldate wat simbolies en verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse strydmagte wil wees, moet tog waarheidshalwe bestaan uit twee Afrikaans- en een Engelssprekende. Dit is die juiste samestelling van die strydmagte, gereduseer tot drie. Waarom sou die Springbok Legioen, wat wil voorgee dat hy die soldate se organisasie is, dan nie hierdie verhouding gebruik nie, maar wel die verhouding wat geldend is aan die dépôts op die tuisfront.

En dan die „baas" in die prentverhaal! Wie het al ooit 'n „baas" gesien met Afrikaanse, Engelse **en** Joodse bloed? Laasgenoemde alleen seer seker; en die eerste twee saam, dit wel; maar aldrie saam is eenvoudig ongehoord. Waar kry Fighting Talk dan hierdie soort baas van hom? Dit lyk sobaie na 'n propagandaproduk.

Maar dan verrys die vraag weer, waarom sou Fighting Talk dan in hierdie tye **vir** die Jode wil propaganda maak? Die regering se noodregulasies verbied immers almal om nou-se-dae iets **teen** die Jode te sê. En dan ook Fighting Talk is tog 'n blad vir soldate — dit is wat hy voorgee om te wees. Die blad het tog niks met die Jode te doen nie.

Nee, dis vir ons allesins 'n snaakse prentverhaal hierdie.

## BLYE VERWAGTING

Volgens aankondiging van die Minister van Justisie, kan 'n grootskaalse loslating van geïnterneerde Afrikaners verwag word. Die O.B. wil hom hieroor van harte verbly. Dit is 'n dag waarna ons volksgenote binne die kamp, sowel as hul gesinne en vriende daarbuite, lank reeds en verlangend uitgesien het.

Ons innige dank gaan uit na diegene wat in werklikheid meegewerk het om hierdie stap van die regering af te dwing.

Ons vind dit tekenend en geensins bevreemdend dat geen Minister in die huidige kabinet, waarskynlik minste van almal die Minister van Justisie, dit kan of wil waag om aan die Ossewabrandwag enige krediet te gee vir wat gebeur nie.

Hieroor sal die O.B. egter geen slapelose nagte hê nie; inteendeel vir die aandag wat ons Volksbeweging regstreeks of onregstreeks langs alle moontlike weë aan hierdie saak gewy het, verlang ons nie die dank en erkenning van die Minister van Interneringsake nie, soos ons ook niks anders van hom **vra** of **smeek** nie, maar verheug ons ons volkome in die **feit** van die loslating en is dit vir ons genoeg dank en genoeg beloning.

Die Ossewabrandwag weet dat hy niks kan verwag van Sy Majesteit se Regering nie — immers was dit die O.B. wat deur 'n Noodhulpfonds vir die afhanklikes gesorg het tot 'n bedrag van £40,000 en meer en 'n Brandwag-Bystanddiens ingerig het om hierdie soldate van die Afrikanerdom na ontslag uit die Empire-kampe, weer in die volkslewe op te neem.

Die O.B. vind volkome geluk en tevredenheid in stryd onder die leuse: **Een vir Almal, Almal vir Elkeen.**

## 'N POLITIEKE PIL

Die O.B. betuig hiermee sy innigste simpatie met dr. Otto du Plessis. Volgens sy gepubliseerde verklaring in die nasionale koerante — ook in Die Oosterlig, waarvan hy redakteur is — moes hy tans, vermoedelik op hoër bevel, retireer van sy standpunt ten gunste van die „Common Sense"-republiek binne die Britse Gemenebes van Nasies, soos in Die O.B. van 19 Januarie gerapporteer. Selfs ontken hy dat wat hy onderteken het as „Enlightenment Secretary" van die H.N.P., ooit iets meer was as 'n persoonlike mening van homself! 'n Eienaardige vertolking van ondubbelsinnige taal.

**Ons is egter dankbaar dat Die O.B. dit verkry het dat die H.N.P. en sy pers 'n minder dubbelslagtige stelling ingeneem het ten opsigte van Die Republiek, waarna die ganse Afrikanerdom so reikhalsend uitsien.**

Die besondere soort „Common Sense"-republiek binne die Britse Gemenebes van Nasies, soos bepleit deur mnr. Cope en dr. Otto du Plessis is dus hierdie keer getorpedeer. Ons vra nou weer:

● Is hierdie terugslag vir „Sy Majesteit se Republiek" tydelik of permanent?

● Wie is die ongesiene krag agter dr. Otto du Plessis wat hom sover laat waag het?

## WAARDERING

Volgens berig uit Porterville betuig die vroue-kommando daar hul hartlike dank en waardering teenoor sersante M. van der Merwe, wat na Bellville vertrek het, vir die getroue dienste deur haar verrig. „Sy was 'n wakker sersante en getrou op haar pos. Haar vertrek is vir die vroue-kommando van Porterville 'n verlies, maar is terselfdertyd 'n wins vir die kommando op Bellville," verklaar die adjudante.

W. VOIGT (Eiens.) Ppk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.
Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

DE KOCK se GARAGES
Foon 110 Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.
Foon 16 Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.
Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
TOT U DIENS! . . .
V.M.K. AANBEVEEL.

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG.
KOOP NOU!
ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.
Werda Meubelhandelaars (Eiendoms.) Beperk.
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. Foon 2-6806.

TABBERDS!
GEBLOMDE KATOEN
Pragtige Modelle en Kleure
by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMESMODISTE

DIREK VAN FABRIEK AAN BOER
Kapkartuie £9, Swaar £12; Enkel Kartuig £8; Muiltuie £15; Donkietuie £6, met stringe £7; Tome vir muile 15/-, vir perde 12/6, Donkies 6/-; Ligte Halters 5/-, Swaar 8/6; Saals met buikgort kompleet £4; Boere saals met sagte sitplek £6; Borsplate vir Donkies (lig) 5/-; Swaar 7/6; Borsplate vir Voormuile £1-5-0, agter £1-7-6.
K.M.B. Onmiddellike aflewering op ontvangs van Bestellings. Tevredenheid gewaaborg.
Volkskoper Mark Beperk, Wolhuterstraat 62, Newtown, JOHANNESBURG.




Adverteerders Handhaaf Uself deur In Die O.B. te Adverteer.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Handelsadvertensies:** 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.

**Persoonlike Advertensies:** 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël — minimum 4/- per plasing. Advertensiegelde is streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

**INTEKENGELD.** (Streng vooruitbetaalbaar).

**Deur Kommando:** 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.

**Nie deur Kommando maar direk by Voorslag Edms. Bpk.:** 10/- per jaar, 5/- per halfjaar.

**Adresveranderinge:** 1/- per adresverandering.

### GEBOORTE

**TERBLANCHE.** — Aan Komdt. en mev. Jannie Terblanche 'n fris O.B.-dogter op 24 Januarie. Ons dank ons Skepper.

### VERLOWING

**MAARTENS — VOS:** Hiermee word die verlowing bekend gemaak van Adj. M. D. Maartens van Cedarville met mej. E. Vos van Hardeveldt, Lady Frere.

### HUWELIK

**COETZEE — DU PLESSIS:** Ons, Bettie Coetzee, Grootfontein en Charl du Plessis, Aggenbagskraal, beide van Clanwilliam, wens aan familie en vriende(inne) bekend te maak dat ons op 5 Februarie verloof is.

### DOODBERIG

**CRONJE.** — 5 Januarie 2.30 n.m., donker ure van droefheid, toe ons moes afskeid neem van ons ywerige, onmisbare liefling, Bernard, 16½ jaar oud. Slegs 2½ dae siek aan inflamasie. Bedroefde ouers Danie en Rina, Boetie en Sussie. **Rondebos, Heilbron.**

**TOERIEN.** — Skielik oorlede op 6 Feb. 1944, getroue en ywerige offisier, Veldkornet Pieter E. C. Toerien. Sy skielike heengaan word deur sy mede-offisiere diep betreur. Die Porterville Kommando's wens langs hierdie weg hulle innige deelneming en simpatie met die familie-kring te betuig.

### DANKBETUIGING

Langs hierdie weg wens ons, ons hartlike dank aan Komdt. D. du Toit en Komdte. mev. C. van Rooy en ander O.B.-lede van die Potchefstroomse Kommando's te betuig, vir die belangstelling en deelneming betoon met die afsterwe van ons moeder, mev. E. M. van Niekerk van Vyfhoek, Potchefstroom.

**Van Niekerk familie.**

### PERSOONLIK

DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AFSLAERSBESIGHEID.—**Vendusies word enige tyd op enige plek gereël. In ons vendusie lokale word artikels ook enige tyd uit die hand verkoop. Ons is ook Eiendomsagente en reël verbande. Afrikaanse Nasionale Afslaers en Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., Sanlam-Gebou, Pretoria. Foon 2,1360. — Posbus 515.**

**W. J. Grobbelaar** — Dames en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. Handelaar in Tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. **Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

### BETREKKING VAKANT

Benodig Onderwyser(es) op plaas. Afrikaans medium, drie leerlinge, Std. I tot Std. IV. Salaris £12 per kwartaal, vry inwoning en vervoer van stasie, ens. Moet dadelik begin. **E. Schmidt, P.K. Langkrans, Vryheid.**

Benodig Afrikaner dogter bo 18 jaar om in huis te help. Moet lief wees vir kinders. Naaldwerk 'n aanbeveling. Salaris £3 tot £4 per maand volgens bekwaamheid. Rig applikasies vergesel van getuigskrifte aan mev. **R. L. Barry, Robertson.**

Dringend benodig; 'n flukse, ongetroude, opregte O.B.-Afrikaner, as voorman op vrugte en wynplaas. Begin salaris £6 per maand met vrye inwoning. Doen aansoek by:— **P. C. Malan, Bus 69, Wellington.**

Onderwyseres dringend benodig om beginnersklas van twee of meer leerlinge volgens Goewernementsstelsel op te lei. Moet lid wees van Ned. Geref. Kerk. Meld ouderdom en salaris. Getuigskrifte en sertifikate 'n aanbeveling maar nie 'n vereiste nie. Inwoning vry. Doen aansoek by **D. M. L. Viljoen, Bethlehemspoort, Bethlehem.**

### TE KOOP

**BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik, 1/6 met steele. Gelewer Bushalte. Speelmanskraal, George. K.M.B. J. P. Wagener, Klip Rivier. P.K. Speelmanskraal, George.**

**Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. J. G. Benadé. Sasbankgebou, Bloemfontein.**

DIE volgende eersteklas uiesaad: Vroeë Kaap plat geel 7/6 per pond; Australiese bruin 6/6 per pond; Spaanse bruin 6/6 per pond; Kaapse geel (strooi kleur) 6/6 per pond. Koop regstreeks van die kweker en ondersteun julle mede-Afrikaner. **Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.**

**DEEL in die Winste. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.**

**KOLJANDER** en **Wortelsaad** direk van die produsent. 3 Pond pakkie Koljander oor die pos 3/6; 100 pond sak V.O.S. £3-15-0 K.M.B. Gemaal 5/- ekstra. Ook SHANTENY wortelsaad 1/- per ons; 10/- per pond oor die pos. **P. W. Kloppers, Paul Krugerstraat, Robertson.**

**MEUBELS.** — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

**STEMPELS** met die ou- of nuwe O.B.-wapen daarop, is weer verkrygbaar teen 18/6 elk of met Kommando naam daarby £1-1-0 posvry. Bestel van **Tafelberg Industrieë, Kohlingstraat 16, Kaapstad.**

**UITSTAANDE** winsgewende Algemene Handelaarsbesigheid en Bottelstoor, as lopende saak. Eienaars verkoop alleenlik om gesondheidsreds. Bottelstoor kan apart gekoop word. Doen aansoek by D. J. Postma, Posbus 27, Steynsburg, K.P.

**UIESAAD.** — Sorg vroegtydig vir goeie saad van ronde harde geelbruin uie. 7/6 per pond posvry, k.m.b. Verkrygbaar by **P. J. du Toit, Drostdy, Tulbagh.**

### KENNISGEWING ! !

Koffie, tee en koek word iedere Dinsdag en Vrydag, die hele dag in die Kaapstadse Vriendskap-Sentrum, Groote Kerkgebou, bedien. **Komdte. van Oordt, Woltemade Kommando** is **Dinsdag** op diens. **Kommandante Geldenhuys, Parow Kommando** is **Vrydag** op diens. **Boerejeug Veldkornetskap Woltemade sal Saterdag diens doen. Kom drink, eet en gesels lekker!!!**

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE**
**Posbus 660 — JOHANNEBURG**

**Kolossale voorraad van ons beroemde Vrugtebome, alle soorte, vroeg tot laat. Rose in bekoorlike Versamelings. Honderde bestellings reeds gereserveer, bespreek nou u benodighede vir Winterplantseisoen 1944, u voorkom daarmee teleurstelling, u kry u gekoosde soorte, super-gehalte bome, betroubare diens en tevredenheid.**
**Sierstruike, Uitlandse bome, Bloekom, Denneboompies, Heiningplante en Palms vir Somerplanting.**
**Geïllustreerde Katalogus en Plantgids gratis aan planters.** (2)

WIL U 'N ORDENTLIKE PAK KLERE LAAT MAAK?
Besoek dan
**RAUTENBACH'S**
DIÉ DAMES EN MANS KLEREMAKERS
Voortrekkergebou 301 (Derdevloer)
Foon: 229535. JOHANNESBURG.

**ONDERSTEUN ! ! ! !**
**Poskantoor Haarkappers**
Kerkstraat 173 - - - - - - - PRETORIA
vir
DAMES en MANS
Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT

***AGENTSKAPPE — BENODIG . . .***
UITSTEKENDE GELEENTHEID VIR PLATTELANDSE BESIGHEDE SOOS BOEKHANDELAARS, HAARKAPPERS, ENS.
om hul inkomste uit te brei deur op te tree as agente vir die verspreiding van boeke, brosjures, skryfbehoeftes, ens.
Nadere besonderhede op aansoek.
PUBLICITÉ HANDELSREKLAMEDIENS (Edms.) Bpk.,
Spoorbondkasgebou 507 — Posbus 4892
JOHANNESBURG.

**MARKAGENTSKAP**
**Vroeë Môre-Mark**
**KAAPSTAD**
BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
BESTE HEERSENDE PRYSE.
***MINNAAR & VAN SCHOOR***
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

## KAPTEIN VAN DIE WAG TER RUSTE GELÊ

Na 'n kort siekbed van vier dae, in die Verre Oos-Randse hospitaal, is Schalk Willem van der Vyver, in lewe 'n Kaptein van die Wag van die Ossewabrandwag, in die ouderdom van 30 jaar oorlede. Hy laat 'n weduwee en een seuntjie na om sy heengaan te betreur.

Kaptein Van der Vyver is by wyse van 'n Ossewabrandwag-begrafnis ter ruste gelê. Die kleure van die O.B. is oor sy kis gehang. En vooraan die lykstoet is die vaandel van die Voortou-Kommando, wat hy so trou as offisier gedien het, op halfmas gedra. Terwyl hulle op treffende wyse die dodemars gespeel het, het 'n afdeling van die Boerejeug, onder bevel van Jeugkomdt. Kapp, die lykstoet vanaf die hek van die begrafplaas na die graf gelei. Onderwyl die trompet die laaste rus aangekondig het, en die O.B.-saluut geneem is, is die oorledene stadig afgelaat in sy graf.

Ds. Van der Westhuizen van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, Brakpan-Wes, het die lyksrede gehou en ook weer by die graf waargeneem.

By die ope graf het genl. P. J. du Toit 'n kort woordjie gespreek waarin hy verwys het na die toegewydheid en offervaardigheid waarmee die oorledene gedurende 'n tydperk van vier jaar die Ossewabrandwag, sy God, sy Volk en sy Vaderland gedien het. Komdt. eerw. Steyn, veldprediker van die O.B., het in 'n kragtige troosrede woorde van bemoediging gespreek tot die weduwee, bloedverwante en medebrandwagte van die oorledene.

Majoor F. van Straten het namens die weduwee almal hartelik bedank vir hul belangstelling en betuigings van simpatie met haar in haar smartelik verlies.

By die begrafplaas het die volgende offisiere as draers opgetree: Majoor Van Straten, veldkt. Du Preez, veldkt. Morris, veldkt. Krause, asst.-veldkt. Watson en asst.-veldkt. Botha.

## SENTRALE VRYHEIDSFEES

Elders in hierdie uitgawe word die program bekendgemaak van die Sentrale Vryheidsfees wat hierdie jaar weer op Amajuba gehou sal word. Die aandag van almal diegene wat dit enigsins kan bywoon word daarby bepaal. Die fees word georganiseer deur die Sekretaris van die Noodhulpfonds en dit sal staan in die teken van die nood van ons volksgenote wat vandag ly en offer vir die vrywording van ons volk.

## *VERJAARDAGKETTING*

**17 Feb.:** Pierre Vivier, Beaufort-Wes; Helene Malan, Hugenoot; Johan Erasmus, Tiervlei; Cornelia Visagie, Amalia.

**18 Feb.:** Helena S. Smit, Beaufort-Wes; Dalene Roode, Paarl; Rina Geldenhuys, Sutherland; Izak Hesketh, Sutherland; Hilda Schmutzer, Grassy Park; Johannes Venter, Pietersburg; Susanna de Kock, Pietersburg; Daniel J. Koekemoer, P.Potgietersrust.

**19 Feb.:** Lotz Nieuwoudt, Stellenbosch; Philippina H. Erasmus, Merweville; Hester H. Jansen van Vuuren, Merweville; Magdalena Botha, Upington; Elizabeth B. Potgieter, Kirkwood.

**20 Feb.:** Jacobus F. Jooste, Sutherland; Campion Theron, Bellville; Frans Theart, Woodstock.

**21 Feb.:** Aletta du Toit, N.-Paarl; Lorraine van Zyl, Tiervlei; Rita van Wulven, Nuwelande; Hester M. M. Krause, Kirkwood; Mary Jongbloed, Pietersburg; Tilda Roux, Franschhoek.

**22 Feb.:** Jacoba Nortje, George; Gerrit J. Maasz, Lambrechtsdrift; Maria E. van Dyk, Port Elizabeth; Albertus J. Brink, Wesselbron.

**23 Feb.:** Frank H. Smith, Beaufort-Wes; B. Potgieter, Somerset-Oos; Anna E. Bothma, Beaufort-Wes; Christiaan H. van Rensburg, Eppingtuindorp; Anna C. Mostert, Port Elizabeth; Denzil Langeveldt, Woodstock.

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro-Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.**

## O.B.-GEDAGTE BREI UIT

**Onderstaande belangwekkende berig het in Die Burger van 20 Januarie l.l. verskyn insake 'n vergadering wat op 17 Januarie te Beaufort-Wes gehou is:**

**„Die wyksleier, mnr. J. J. Hattingh, het kortliks verslag gedoen van die H.N.P.-kongres, en later het die vergadering eenparig besluit om kragtens besluit van die kongres, dit aan die wyksraad op te dra om groepleiers te benoem i.p.v. dat hulle deur die groepe gekies word."**

**Nadat die Ossewabrandwag twee en 'n half jaar lank verguis is omdat hy offisiere aanstel en dus 'n diktatuur sou wees, ja en die volk selfs daaroor geskeur is, word hierdie stelsel dus ook nou kragtens kongresbesluit nagevolg soos so talle ander dinge van die Volksbeweging reeds nagevolg is nadat dit eers veroordeel was.**

**Dis egter ook 'n treffende bewys hoe onweerstaanbaar die Ossewabrandwag se idee van 'n gesagstaat in steeds wyer kringe van die volk naklank vind.**

**Schoemanello Drank....**

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi en Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel en Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worc. Hock en Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| **LIKEUR-BRANDEWYN:** | | | |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Peperment en van der Hum .. .. | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEVER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | 6/6 | — |
| Jenever | 7/6 | 6/6 | — |

**Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.**

**Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme:—K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.**

**Bestel van**
**JURGENS SCHOEMAN,**
**POSBUS 142, — OUDTSHOORN.**

**Belangrike Boeke**

**Vername Persone** uit die S.A. geskiedenis, deur Eric Stockenström .. .. .. .. **6/6** p.v.

**Die Afrikaanse Vrou.** 'n Beknopte oorsig van die rol wat die vrou in die geskiedenis van S.A. gespeel het in die jare 1568-1918) deur Eric Stockenström .. .. **6/6** p.v.

**Mietes en Sages** van die Grieke, baie mooi vertel deur Mev. P. van Braam **6/6** p.v.

**Skandinawiese Vertellinge** .. **4/6** p.v.

**Suid-Afrikaanse Soogdiere** deur dr. C. S. Grobbelaar **6/6** p.v.

**Die Stem van die Volk.** Luimig, onderhoudend, leersaam, deur N. G. S. v. d. Walt .. .. .. .. .. .. .. .. **1/6** p.v.

**Saam Verban,** deur Mev. M. J. van Straten .. .. .. .. **5/6** p.v.

**Stuur u bestelling aan**
**PRO ECCLESIA-DRUKKERY**
**Die Laan — Stellenbosch**